DESEMBER 2024

# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * **OMGEE** * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

“Family is not the most important thing, it's everything.” Michael J Fox

In die spesiale tyd wat ons nou ingaan, waar ons die geboorte van Jesus Christus vier, maak dit die gevoel van nostalgie oor ons familie en al die tye saam, in ons wakker.

Dit is 'n spesiale tyd vir gesinne om nader aan mekaar te kom en nuwe, wonderlike herinneringe te bou.

Na 'n jaar van groei en ontwikkel, is dit lekker vir ons as personeel om te sien hoe ver of kinders gekom het. Ons is trots op hulle asof dit ons eie kinders is. Op 'n spesiale manier, wat mens net in so 'n klein skool soos ons s'n kan beleef, is ons personeel en kinders van Laerskool Koue Bokkeveld aanmekaar vasgegroei, nes 'n familie.

Ons gaan die kinders mis, maar maar sien definitief ook uit om meer tyd aan ons eie gesinne aandag te gee. Dankie aan elke personeellid se opofferinge. Die hoeveelheid van hulle tyd en hulleself wat hulle gegee het, kan mens nie genoeg voor dankie sê nie.

Dankie aan al ons ouers vir die goeie huise, vol liefde wat hulle ons kinders gee. Dankie vir al die liefde en ondersteuning wat aan die skool en die personeel gegee word. Dit is lekker om saam met julle om te gee en julle kinders op te voed. Ons maak 'n wonderlike span.

Ek wens elke gesin ‘n Geseënde Kerstyd. Rus lekker wanneer julle kan en bring julle kinders veilig terug vir ons volgende jaar!

*Pieter de Bruyn*



## GRAAD 1 - EERSTE DAG

Ouers kan die Graad 1-leerders reeds vanaf 07:10 vergesel na die Graad 1-klas. Hul is welkom om foto’s te neem en ‘n bietjie gesellig te verkeer saam met leerders en ander Gr 1-ouers.

Ons nooi die ouers en grootouers vriendelik uit om ons saalopening om 08:00 by te woon. Ons het ‘n klein seremonie waartydens die Graad 1’s die skoolklok lui om hul skoolloopbaan se begin aan te kondig.

Die leerders moet geklee wees in volle skooldrag met sokkies en skoene.

Ons is opgewonde om hierdie groepie leerders in hul nuwe skoolklere te sien!

## ONS TENNISSPAN TOER NA HARTENBOS.

2025



# AKADEMIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat gedurende die vierde kwartaal en deur die loop van die jaar mooi presteer het.






















Leerders wat eerste klasposisies met hul jaarpunte behaal het, ontvang elkeen 'n boekprys! Baie geluk aan Catherine, Wikus, Stephan en Dawid met jul uitsonderlike prestasies! Dawid ontvang vir die 4de jaar in 'n ry die boekprys. Ons is trots op elkeen van julle!

# WOEMA







Ons is baie opgewonde oor hierdie groep leerders se pragtige akademiese vordering.

# NETBAL

Hierdie netbalrokkies en -rompies kan van volgende jaar af by juf. Lize kontant gekoop word.
Die rokkie is R20 en rompie R10.
Jy kan dit kom aanpas en lekker netbal oefen daarmee.



# OMGEE

Ons sluit die jaar se OMGEE-projek af met die uitdeel van lekkergoedpakkies vir Huis Pieter Strauss se inwoners en die personeel. Dankie aan almal wat lekkers gestuur het.

## INTERSEN FASE

Ons fase is baie hartseer om afskeid te neem van juffrou Marisa! Ons wens haar hope seën toe!

Hier is die registeropvoeders vir 2025:

Graad 4 - Juf. Rolien Viljoen

Graad 5 - Juf. Lize de Beer

Graad 6 - Nuwe juffrou

Graad 7 - Juf. Christi King

Enige algemene navrae oor die fase kan aan juf. Rolien Viljoen gerig word. Ons sien uit na nuwe dinge in 2025! Hou u d6 dop vir nuus oor die nuwe juffrou.

Dankie aan elkeen wat hul hand- en leesboeke so getrou ingehandig het en mooi opgepas het ook!

## PRETDAG

Op Vrydag, 29 November het ons skool pretdag gehou en dit was 'n groot sukses. Dankie aan die volgende persone vir hul reëlings en hulp om ons dag heerlik te gemaak het! Charmaine Scholtz, Johan Louw, Steyn Marais en Mabru Marais vir die pragtige foto's. Dankie ook aan Chrisna en haar span mammas vir hul snoepie reelings.







## TOTSIENS



Juffrou Marisa Jordaan verlaat ons aan die einde van die jaar. Sy het 'n nuwe betrekking by Laerskool Swellendam aanvaar.

Dankie, juffrou Marisa, vir die vier jaar wat jy by ons was en jou harde werk en toewyding aan Laerskool Koue Bokkeveld.

Ons hoop jy sal baie gelukkig wees en dat die toekoms mooi dinge inhou!

## PRE GRAAD R UITSTAPPIE

Die pre graad R klas besoek Howbill pakstoor en pak hulle eie sakkie appels. Daarna kom kuier Kersvader saam met die maats op Molenrivier en bring vir elkeen 'n pakkie. Dankie aan Howbill en Kersvader vir hierdie spesiale dag.



# TRANSKRIBEERDERS

Baie dankie aan die volgende vrywilligers wat gedurende kwartaal 4 se eksamen vir sommige leerders gelees en -skryf het:
Karen, Elzanne, Cecile, Jeanette, Francelene, Mareli, Nella, Lizzy en Hanle.
Dankie vir julle tyd en omgee vir ons leerders.

Kontak De Laura indien jy graag op hierdie wyse betrokke wil raak by ons skool.

# UITSTAPPIES

Graad R het die Breede Vallei Brandweer in Worcester besoek en sommer baie geleer van veiligheid en voorkoming van brande. Leerders kon selfs die pyp vashou, water spuit en in die brandweerwa klim.
Ons het ook Kromfontein besoek vir 'n dag van pret en lekker eet.
Oom Willa het ons meer vertel van kersies en oom Pieter het ons geleer van uie.
Wanneer ons sien, proe en beleef, raak ons sommer baie slim!
Die Graad 3's het die jaar afgesluit met 'n uitstappie na De Straadt. Dankie Jan en Mareli vir hierdie lekker bederf!








# BAIE DANKIE

Die skool bedank graag vir juffrou Rolien Viljoen wat vir meer as 'n dekade die skool se sosiale media bestuur het. Ons waardeer jou tyd en moeite baie! Dit sal van 2025 af deur juffrou Ammie de Bruyn gedoen word. Alle nuus van leerders wat prestasies buite die skool behaal, moet vanaf 2025 aan adebruyn@laerskoolkbv.co.za gestuur word.

# PERSONEEL

Aan die einde van die jaar, kyk ons met dankbaarheid terug op 'n goeie en geseënde jaar! Ons is so trots op elke leerder se harde werk hierdie jaar. Hulle verdien die ruskansie. Van ons almal, lekker rus, mooi ry en kom veilig terug!





# TENNIS

Baie geluk aan Anmari Steenkamp en Zoey Carolus wat opgeneem is in die WES KAAPSE KAVALIERS INTERPO TENNISSPAN VIR 2025.

Hulle speel 8 - 12 Januarie 2025 in Bloemfontein.

Ons is baie trots op julle!

# TENNIS TOER

Ons tennisspan toer na Hartenbos. Ons vertrek Donderdag, 23 Januarie 2025 en speel 13:00 teen Laerskool Swellendam. Ons slaap beide aande oor by die ATKV oord op Hartenbos.

Vrydag gaan ons vir 'n lekker treinrit op die Mossebaai "powervan" waar ons ook ontbyt sal eet. Ons speel dan 13:00 teen Laerskool Hartenbos. Saterdag baljaar ons in die ATKV pretpark en sal na middagete terug Koue Bokkeveld toe ry.

Spelers moet asb oefen die vakansie. Dit is 'n lekker motivering om die vakansie in oefening te bly en aan jou fiksheid te werk.

# GRAAD 7

Ons wens hierdie groep kinders baie sterkte toe op hul lewenspad! Dit was vir ons lekker om julle by ons te hê.



# PRE R BESOEK AKWARIUM



Die pre graad R klas besoek die Twee-Oseane Akwiarium. Hier is Kaylie en Buddy, die klas se pikkewyn.

# TENNIS IN STELLENBOSCH

Ons 0/9 dogters en seuns neem deel aan 'n toernooi in Stellenbosch gereel deur Gilman Academy. Kyk hoe oulik is hulle..



# TENNIS AFSLUITING 2024

Ons sluit 'n goeie tennisjaar af met 'n **'Twinning'** toernooi.

## 'BEST DRESSED'

**Helené** **Colette**


























# TOERNOOI WENNERS 2024




Charl





Katrien

















